GRIEKSE SLAAISOUS RESEPTE

Anita Mc Donald

Wie het asb vir my n lekker Griekse slaaisous resep?

Elize Swart Olie, asyn en speserye. Een eetlepetl van alles. En verdubbel soos nodig. Jy kan ook ‘n klein bietjie mayonnaise byvoeg en suiker na smaak

Adam Cloete Ek maak nooit vooraf ‘n sous vir ‘n Griekse slaai nie. Ek strooi eers die sout en peper (gewoonlik swart peper, as almal dit mag eet) oor die slaai, dan bietjie fyn knoffel, dan bietjie asyn (verkieslik rooi wynasyn) en dan bietjie olyfolie en meng dan die spul deurmekaar. Dit is soos die Grieke by wie ek leer kook het, dit gemaak het.

Marius de Beer Griekse GI Low slaaisous. Sny twee tamaties in dun skywe en n halwe komkommer. strooi sout oor soos vir slaai. Nie te min nie en nie te veel nie. Laat staan sowat n uur en en gooi die sous wat gevorm het af. Meng nou sous met griekse yoghurt tot so dik as wat jy dit wil hê. Jy kan ook bietjie suurlemoensap byvoeg. Gebruik ook sommer as n lekker doopsous.

Anita Mc Donald Ek het nou n sousie gekry, presies dieselfde as wat jy gebruik om Avokadopeer in te le. Probeer dit gerus.